

**VOERMOL LS 33**

Klas: Proteïen- en Spoormineraalaanvulling vir Herkouers

**VOERMOL LS 33** is melassegebaseerde proteïen-vitamiën-mineraal aanvulling in vloeivorm:

- sal inname van droë ruvoer verhoog omdat dit smaaklik is;
- sal die benutting van swak kwaliteit ruvoer verbeter aangesien dit proteïen, energie, fosfor en ander beperkende voedingstowwe aanvul asook vermorsing verminder;
- beteken veilige inname en doeltreffende benutting van ureum aangesien ureum aanvanklik in melasse opgelos is. Die gevare van gekonsentreerde ureum word dus verminder;
- is sodanig geformuleer dat dit die gevaar van ureumvergiftiging verminder;
- is 'n goeie bindmiddel by die vervaardiging van korrels.



25 kg, 300 kg DROM of in MASSA

**SAMESTELLING VAN VOERMOL LS 33**

REG NR V2678 (Wet 36/1947) N-FF 0088

		(g/kg)			(mg/kg)
Ruproteïen*	(min)	330	Mangaan		150
Ureum	(maks)	97	Koper		50
Vog	(maks)	330	Kobalt		2
Kalsium	(maks)	10	Yster		150
Fosfor	(min)	3	Jodium		16
			Sink		150
			Selenium		1.32
			Vitamiën A (IE/kg)		40 000

\*88.4 % afkomstig vanaf NPN.

Verpakking – 25 kg houer, 300 kg drom, of in massa.

**Sien ureumwaarskuwing****VOEDINGSINSTRUKSIES****LEKWIEL OF SELFVOERDER**

**Voermol LS 33** kan as 'n vloeibare proteïenlek aan beeste, skape en bokke gevoer word. Geskik vir herkouer wild. Maak gebruik van 'n lekwiel of selfvoerder.

**AANBEVOLE INNAME** (l /dier/dag)**Voermol LS 33**

Beeste: 0.4 – 0.7

Skape: 0.06 – 0.10

**VOERMOL**

## BEHANDELING VAN RUVOER

Vermorsing van swak kwaliteit ruvoer deur beeste en skape is dikwels 'n probleem veral tydens voerskaarste. Behandel hierdie ruvoer met **Voermol LS 33** om vermorsing te voorkom. Verdun met 'n gelyke volume water en giet of spuit oor die ruvoer teen die volgende hoeveelhede (**van die verdunde oplossing**).

### *Ad lib.* VOEDING

<b>Voermol LS 33</b> oplossing	( $\ell$ /10 kg ruvoer)
Beeste:	0.7 – 1.2
Skape:	0.5 – 0.8

## BEPERKTE VOEDING

Indien ruvoer beperk gevoer word, benat dan daardie hoeveelheid ruvoer met die hoeveelheid **Voermol LS 33** soos per aanbevole inname tabel op die vorige bladsy.

## BESPUITING VAN DROË VELDWEIDING

Hierdie metode verhoog inname van swak weiding tydens voerskaarste. Verdun **Voermol LS 33** met 'n gelyke volume water en spuit oplossing oor weiding teen 1  $\ell$ /bees/dag of 0,2  $\ell$ /skaap/dag.

- Gebruik enige tipe spuit, van rugsak tot onkruidoderspuit.
- Dien as fyn mis toe. Vermyn growwe druppels want dit lei tot vermorsing.
- Moenie te min vloeistof toedien nie anders word gras swak benut.
- Spoel die spuit met skoon water uit na toediening.
- Spuit veld daagliks en laat behandelde veld skoonvreet.
- Moenie in winderige toestande spuit nie.
- Behandelde veld is genoeg vir onderhoud en geen addisionele onderhoudslekke is dus nodig nie.
- Voorsien 8 – 10 kg gras/bees/dag.
- Oppervlakte benodig vir byvoorbeeld 100 beeste/dag
  - \* Vleie, 4 ton materiaal/ha spuit 100  $\ell$  oplossing op 0.25ha
  - \* Droër veld, 2 ton materiaal/ha spuit 100  $\ell$  oplossing, op 0.5 ha.
- Diere vreet behandelde veld goed. Daar is egter uitsonderings.
  - \* Jong diere pas moeiliker aan as ouer diere. Diere wat direk van groen weidings kom, pas langer aan.
  - \* Minder geskik vir wolskape omdat wol geneig is om vuil te word.
- Vir voorbrande spuit 2 m stroke met 'n onbehandelde baan van 20 – 40 m tussenin. Bewei stroke kort in vroeë herfs en brand onbehandelde strook na eerste ryp.
- Spuit naby kampheinings om brand naby drade te voorkom.



**VOERMOL**

## UREUMWAARSKUWING

### UREUM

Die meeste lekke bevat ureum wat onder sekere omstandighede gevare inhou. Tydens die formulering en vervaardiging van **Voermol-lekke** word daar gepoog om die risiko van ureumvoeding so laag as moontlik te hou. Die voorkoms van ureumvergiftiging kan verder verlaag word deur op die volgende te let:

- gebruik lekke volgens voorskrif;
- beperk lekinname tot die voorgeskrewe maksimum vlak;
- voer lekke saam met voldoende weiding en/of ruvoer;
- tref spesiale voorsorg tydens voerskaarste (droogtetoestande) om hoë lekinname te voorkom;
- voorkom die oormatige aanvanklike lekinname (southonger) deur diere, vir die eerste 14 dae, toegang tot **Voermol Rumevite 6P** te gee;
- moenie dat die lek natreën nie.

**Sien ureumwaarskuwing agter op sak.**

### UREUMWAARSKUWING

Hierdie veevoedsel bevat NPN-(Nie-Proteïen Stikstof) bronne en moet daarom streng volgens die gebruiksaanwysings vermeng en gevoer word.

- Asyn is 'n doeltreffende middel teen NPN-vergiftiging. Meng met gelyke hoeveelheid water en doseer 'n halwe bottel per kalf/skaap en 2 – 4 bottels per bees (1 bottel = 750 ml).
- Beskerm hierdie veevoedsel teen reën. NPN is oplosbaar en diere wat so 'n oplossing drink kan vergiftig word.
- Moet nie die veevoedsel onoordeelkundig saam met ander NPN-bevattende veevoedsels voer nie. Raadpleeg 'n veekundige.
- Meng hierdie konsentraat deeglik met die voorgeskrewe bestanddele.
- Hou lekbakke vol en verhoed dat honger diere hul oorvreet. 'n Konstante daaglikse voerinnome voorkom vergiftiging.
- Voordat 'n NPN-bevattende lek gevoer word, moet 'n gewone sout/fosfaatlek vir minstens 7 dae gevoer word.

### GMO OPMERKING

Hierdie dierevoedsel mag grondstowwe bevat wat van GMO (geneties gemodifiseerde organismes) oorsprong is.



**VOERMOL**